22 Augustus 2025

# NUUSBRIEF

no. 14 van 2025

## Vrede Skool Weeklikse Inligting

### 25 Aug - 6 Sep 2025

25 Aug - Tennis: o/10 teen Jordania (BHM)
- Gholf: Liga in BHM

26 Aug - LA Hokkie: 1ste span teen TKS1 (weg)
27 Aug - Krieket: HA proewe
28 Aug - Mini-hokkie: seuns in BHM
- SACSSA Atletiek
- Graad 12 Gold Reef City uitstappie

29 Aug - Tennis: Ope Dogters A teen JRD en LDB (BHM)
Ope Seuns en Dogters B teen FF
30 Aug - Bike Toer (BL fondsinsameling)
31 Aug - Bike Toer (BL fondsinsameling)

**1 - 5 Sep - OMGEEWEEK**

1 Sep - Tennis: o/10 teen Ficksburg (BHM)
2 Sep - Hokkie: LA 1ste span teen TKS1 (TKS)
- Hokkie: LA 2de span teen JRD3 (JRD)
- Woelie Woeps konsert
- Gholf: liga finaal (Clarens)

3 Sep - Sekretaresse Dag
- Tennis: HA liga

4 Sep - Mini-hokkie: te TKS
- Woelie Woeps konsert

5 Sep - Tennis: Ope Dogters A teen TKS (BHM)
Seuns A teen TKS (tuis)
5-7 Sep - Gr 7 Kamp na Drakensville
6 Sep - Krieket: TBM o/12A & o/13A
- Krieket: TBM Meisies

***Dagrooster: 25 Augustus - 6 September***

| MA | DI | WO | DO | VR | SA | SO |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 25 Aug D1 | 26 Aug D2 | 27 Aug D3 | 28 Aug D4 | 29 Aug D5 | | |
| 1 Sep D2 | 2 Sep D3 | 3 Sep D4 | 4 Sep D5 | 5 Sep D1 | | |

**Klerewinkel Tye:**
**Maandae 08:00 - 10:00**
**Woensdae 08:00 - 10:00**
**Vrydae 10:00 - 12:00**



## Wen! Wen! Wen!

Die jaarlikse gongskiet lootjie boekies is hierdie week uitgedeel vir die leerders. Hierdie jaar is daar 'n lekker groot prys te wen vir die leerder wat die meeste kaartjies verkoop! Jy kan 'n JBL "Bluetooth" luidspreker ter waarde van 'n volle R4000 wen!

Die laerafdeling het reeds hard begin werk en die kaartjieverkope stroom in. Welgedaan!

Ekstra boekies is by die skoolkantoor beskikbaar.

Die lootjies kos R100 elk en die groot prys vir die wenkaartjie van hierdie gelukkige trekking is 'n Tikka GR Tech geweer in die kaliber van jou keuse met 'n waarde van R50 000.



## Verjaarsdaghoekie

25 Aug - Adolf Biermann (gr 5)
28 Aug - Stephan Linde (gr 6)
- Gert Pretorius (gr 5)

30 Aug - Lwazi Busa (gr 3)
- Johann Portwig (gr 9)

31 Aug - Luke Kapp (gr 3)
2 Sep - Zayden du Preez (gr 1)
- Joshua le Roux (gr 1)
- Mae-Lene Lindeque (gr 9)

3 Sep - Elrike Riekert (gr 1)
- JF van der Merwe (gr R)

5 Sep - Amahle Moloi (gr 1)
- Elizabeth Makhubu (koshuis)



# ONTHOU!!

**Somersdrag word weer vanaf 1 September gedra. Leerders kan op kouer dae steeds volledige wintersdrag dra tot 15 September. Winter/Somerdrag moet asb. nie gemeng word nie.**

058 913 1003 hsvrede@internet-sa.co.za 22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

# Vrede Vanuit Die kantoor

Geagte Ouers, Voogde, Leerders en Personeel,

Ons skool se kleure is **BLOU** en **GOUD**. Hierdie kleure is nie lukraak gekies nie en elke kleur dra vir ons 'n spesiale betekenis. Die blou is 'n kleur wat vertroue, kalmte, wysheid en stabiliteit simboliseer. Die goud is 'n kleur wat status, wysheid en glorie simboliseer.

Vir vandag wil ek stilstaan by wat blou – figuurlik gesproke - vir ons as opvoeders, ouers en kinders kan beteken.

Blou is die kleur van die oop lug en die diep see – simbole van eindelose moontilkhede en groei. Net soos die lug geen perke het nie, glo ons ook dat elke kind se potensiaal grense kan oorskry wanneer hulle gekoester en aangemoedig word. In 'n wêreld wat dikwels oorweldigend en vinnig verander, herinner blou ons daaraan om asem te haal, kalm te bly en met vertroue vorentoe te beweeg. Probeer elke keer net een tree verder te gaan as jou vorige poging. Elke leerder moet weet dat JY is belangrik. Jou stem, jou groei, jou drome, jou leer – dit alles maak saak – JY is goud werd.

Ons gaan eersdaags begin met ons kwartaal assesserings en Rekord eksamens. Ek wil vir elke leerder sterkte toewens vir die pad wat voorlê, mag hulle die vrugte pluk van hulle harde werk en volharding. Aan ons ouers – dankie vir die ondersteuning, die laatnag leer, die rustige woorde en die liefde wat julle daagliks gee. Julle rol is onmeetbaar belangrik en ons waardeer dit opreg.

In Numeri 15:38-39 lees ons oor hoe God die volk beveel het om 'n tou van BLOU wol aan die soom van hulle klere te dra, sodat hulle altyd aan Sy gebooie herinner kon word. Hierdie beeld van blou as teken van verbondenheid en toewyding, dien ook as inspirasie: mag ons kinders daagliks herinner word aan wie hulle is, en aan die waardes wat ons as skoolgemeenskap koester.

Mag ons die res van die jaar met 'n BLOU gees benader – rustig, gefokus, hoopvol en vol vertroue. Laat ons kinders leer dat hulle sterk en uniek is, dat elke liewe een belangrik is. Laat hulle altyd 'n veilige ruimte het waar hulle hulself kan wees by die huis, koshuis en hier by hulle blou-skool.

Dankie vir u voortdurende ondersteuning en liefde. Saam kleur ons nie net die toekoms nie, maar bou ons ook daagliks aan dit wat regtig saak maak.

Met waardering en hoop, mik hoog.

Mnr C Smith
Skoolhoof

## Woelie Woeps besoek Avondvrede


Ons maats het op Woensdag, 20 Augustus ons Oupas & Oumas by die Ouetehuis met liedjies & gediggies gaan vermaak! Elke maatjie het ook 'n boekmerkie met 'n mooi Bybelversie op, versier & uitgedeel. Die Oupas & Oumas is ook met 'n sjokolade verras. Wat 'n voorreg om hul harte te kon ophelder!







22 Augustus 2025



# DUIWEVEILING

Op Vrydag, 15 Augustus het die graad 7-klas hul jaarlikse duiweveiling gehou om fondse in te samel vir hul kamp by Drakensville.

Die veiling was weer 'n reuse sukses! Die interessantste name was weer vir die duiwe gegee en almal het heerlik gekuier.













Dankie aan Vrede Duiweklub wat die aand moontlik gemaak het. Dis 'n groot geleentheid wat baie beteken vir skool.

Dankie ook aan juf. Amelia en die graad 7-klas se ouers en leerders vir elkeen se bydrae om die aand suksesvol aan te bied.

Die vlug vind op 23 Augustus vanaf Drie Susters plaas. Sterkte aan elkeen wat op 'n duif gebie het!



# OES-AF DANS

Ons bekwame mammas op die Woelie Woeps Bestuur het vir ons gemeenskap op Vrydag, 15 Augustus 'n heerlike Oes Af-Dans gereël! Selfs al is die 2025 oes nog nie heeltemal af nie, het dit nie die boere gekeer om hul Western-klere aan te trek en saam te kom skoffel nie! Die dans was 'n fondsinsameling ten bate van ons kleuterskool.

Dit was 'n heerlike aand vol van kreatiewe uitrustings, 'n perderesies, dans, lag, speletjies, smaaklike kos & lekker geselskap!
























# BOK VRYDAG



Ons ATKV Tak Vrede Vonk het op Vrydag, 15 Augustus gewys dat Vrede Skool bokvas agter ons nationale rugbyspan staan. Elkeen het die geleentheid gehad om hul groen en goud aan te trek en die Bokke in hul wedstryd teen Australië te ondersteun.



SUBSCRIBE

volg ons op Instagram

besoek gerus ons nuwe webwerf

**Volg VREDE SKOOL op Facebook**

058 913 1003 | hsvrede@internet-sa.co.za | 22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

# HARRISMITH Eisteddfod Uitslae

22 Augustus 2025

Hierdie jaar het 'n rekordgetal van ons leerders aan die Harrismith Eisteddfod deelgeneem. 'n Volle 50 leerders van Woelie Woeps tot Graad 12 het in verskeie items deelgeneem en uitsonderlike mooi uitslae huistoe gebring!

Ons leerders kan voorwaar baie trots wees op hulself! Ons is beslis trots op julle!































saam palm die groepie die volgende uitslae in:

8 x Hartstoekennings

10 X A+++

37 x A++

50 x A+

16 X A

6 X B

11 X B+

058 913 1003 hsvrede@internet-sa.co.za 22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

# Gholf NUUS

Op Maandag, 18 Augustus het ons gholfspelers hul staal gaan wys tydens 'n liga wedstryd in Bethlehem. Hulle wen 5 enkels en 3 dubbels.

Baie geluk aan die spelers. Ons sien uit daarna om nog baie nuus van Mnr. Werner en sy span te hoor.







# MINI-HOKKIE

Op 14 Augustus het ons seunsspanne in Bethlehem gaan speel. Die seuns het die hokkie baie geniet en hul harte uitgespeel.









Die dogters het hul beurt gekry om Donderdag, 21 Augustus waar hulle in Bethlehem teen Jordania gespeel het. Die dogters het ook alles gegee en hul wedstryde baie geniet.









# Lief EN Leed

## Baie welkom Helé!



Ons is so geseënd om te kan sê welkom aan hierdie pragtige klein dogtertjie van Juf. Magda van Reenen en Piet van Reenen.
Baie geluk met jul nuweling! Ons kan sien sy is klaar omring met soveel liefde!

Ons wens vir Hilé: Mag God jou lewe seën en jou omvou met Sy genade en liefde. Ons bid dat God se guns altyd oor jou sal wees en dat jy sal grootword as 'n ware vrou van God.
Liefde, Vrede Skool



Vrede Skool dink aan Mnr. Benrico Kruger met die afsterwe van sy pa, Stanley na 'n noodlottlge motorfiets-ongeluk.

Mnr. Kruger, 'n onderwyser by die Olimpia Skills School in Pacaltsdorp is op Donderdag, 15 Augustus oorlede nadat sy motorfiets in 'n botsing betrokke was met 'n ligte afleweringsvoertuig in George.

Mnr. Kruger was ook 'n geliefde rugbyafrigter waar hy as hoofafrigter van die Crusaders gedien het.

Mnr. Benrico wil graag sy oneindige dank uitspreek vir almal se liefde en ondersteuning in hierdie moeilike tyd vir hom  en sy familie.  Dit beteken vir hulle regtig baie.

---

## In liefdevolle herinnering van SELINA DINEA THANJEKWAYO



*Dit is met groot hartseer dat ons verneem het van die afsterwe van ons geliefde koshuispersoneellid, Selina Thanjekwayo. Sy los 'n groot leemte by die Koshuis en ons gaan haar baie mis.*
*Ons innige simpatie en meegevoel aan haar familie en vriende.*




NID is a proud supplier of Casual Day stickers

Stickers available @ R20 each.

## Kaartjies te koop by skoolkantoor

058 913 1003 hsvrede@internet-sa.co.za 22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

## Baie geluk

**Andrea Greyling** is gekies om die Noord-Vrystaat o/17 Fast Five netbalspan te verteenwoordig.

Sy neem deel aan die toernooi wat vanaf 7-11 Oktober in Meyerton sal plaasvind.

Ons sien groen en goud wat wink in die toekoms....



# LA HOKKIE



Die LA se Eerste hokkiespan speel hul liga wedstryde as volg:

Dinsdag, 12 Augustus in Bethlehem
- wen 3-0 teen TKS2

Dinsdag, 19 Augustus in Bethlehem
- gelykop 0-0 teen JOR

Die Tweede Hokkiespan se uitslae was as volg:

Dinsdag, 12 Augustus in Bethlehem
- verloor 0-2 teen TKS3

Dinsdag, 19 Augustus in Bethlehem
- verloor 0-1 teen Jordania

# HA HOKKIE

Na 'n ongelooflike mooi hokkieseisoen het ons Eerste Hokkiespan hul finale wedstryd teen Ficksburg met 'n naelbyt-telling van 2-1 verloor. Die dogters het gesorg vir opwindende hokkiespel dwarsdeur hul seisoen. Ons is baie trots op hulle!

Dankie vir Juf. Anneke en Juf. Monica wat hulle afgerig het en elke wedstryd bygestaan het. Ons waardeer julle!





*Om suksses te wil bereik sonder harde werk is soos om te wil oes waar jy nie geplant het nie...*


*- David Bly*

# SKAAK-NUUS


Ons skaakspelers neem op Saterdag, 16 Augustus deel aan 'n aanlyn-skaakkompetisie wat deur SACSSA aangebied is. Spelers het tuis op hul rekenaars ingeskakel om teen anders spelers van regoor die land te speel.

Die spelers behaal die volgende plekke:

Gerhardus Visser - 7de plek in o/15 kategorie
Fourie Potgieter - 6de plek in o/12 kategorie
Stephan Linde - 7de plek in o/12 kategorie
Bokamoso Khati - 9de plek in o/11 kategorie
PJ Potgieter - 5de plek in o/9 kategorie









Die Eerste rugbyspan eindig hul seisoen as die Griffons Klein Skole naaswenners na hulle hul wedstryd op 16 Augustus teen St. Anne's in Welkom met 'n telling van 44-27 verloor.



# Tennis Nuus






Limodo tennis toernooi uitslae:
Ons dogters span eindig 6e uit 20 spanne en ons seuns eindig 23e van 24 spanne.
BAIE geluk julle!!! Ons is so trots op elkeen van julle!



Die o/10 span speel tuis teen Reitz en wen Reitz 3 met 25 spelle op 11 Augustus.
Hulle wen met 35 spelle teen Harrismith op 18 Augustus.



Die Ope B spanne het op 22 Augustus teen Jordania gespeel en baie goeie ondervinding opgedoen in hul onderskeie spelle.



WILDMAN
HUNTING & OUTDOOR

# 4-MAN VREDE GONGSKIET

MAMBAKLOOF
Country Estate

VENUE: MAMBAKLOOF
TEL: 072 384 0739

SATERDAG
13
SEPTEMBER

INSKRYWINGS SLUIT
6 SEPTEMBER 2025

## R3000 PER SPAN VAN 4

- SLUIT IN:
- 4 X JOKER KAARTJIES
- 4 X POWERGONG KAARTJIES
- WAGYU BURGER (MIDDAGETE)
- STEAK EN BYKOSSE (AANDETE)

PRYSE TER WAARDE VAN

## R200 000

VERVERSINGS EN KONTANTKROEG BESKIKBAAR
INSKIET VANAF 06:00 | VERWELKOMING 07:30 | SKIET BEGIN 08:00
6 GONGBANE MET 5 GONGE + POWERGONG BAAN
AFSTANDE 150M TOT 400M | 31 SKOTE PER SKUT
ENIGE KALIBER, GEWERE EN TELESKOOP TOT 300 MAGNUM
RANGEFINDERS / MUZZLE BRAKES EN
WINDMETERS TOEGELAAT / RUSSE WORD VOORSIEN

**REGISTRASIE:**
SELENA MITCHELL:
079 301 2277 / 058 913 1003
HSVREDE@INTERNET-SA.CO.ZA

**NAVRAE:**
BH BOTHA: 079 885 7421
FIELIES GELDENHUYS: 082 850 7446

TEN BATE VAN VREDE SKOOL
EN WOELIE WOEPS KLEUTERSKOOL

WEN!!!!
'n Tikka GR Tech geweer in die kaliber van jou keuse ter waarde van
R50 000
Kaartjies kos R100 elk